



182969092F

067790



RGN:HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN
INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

1986 -03- - 3

1986 -08- 27

1986 -10- 21

1987 -05- 18

VERUC

1179*1085

0000925420



2844363866




001.3072068 HSRC KOMM N 115



Die rol van televisiekyk en enkele biografiese en ander agtergrondfaktore by die leesaktiwiteite van standerd tien-leerlinge

Die rol van televisiekyk en enkele biografiese en ander agtergrondfaktore by die leesaktiwiteite van standerd tien-leerlinge

J.E. Senekal
A.P. Glas



RGN BIBLIOTEK HSRC LIBRARY		
1985 -11-13		
STANDKOD 001.3072068 HSRC KOMM N 119 001.3072068 R 10	REGISTERNO. 067790	NUM

J.E. Senekal, BA., M.Ed.
 A.P. Glas, B.Sc.(Hons.)

Instituut vir Kommunikasienavorsing
 Uitvoerende Direkteur: Dr. P.C.J. Jordaan

ISBN 0 7969 0246 1

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 1985

Gedruk deur die RGN

ERKENNING

Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding vervat is, is verkry van projek KOMM 11 wat onderneem is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skoolgaande jeug is. Data is van skole in al vier provinsies verkry.

Dank word aan die volgende persone en instansies oorgedra vir hul aandeel in die beplanning en uitvoering van die projek:

Die Komitee van Onderwys hoofde wat toestemming gegee het dat die projek geleeds mag word;

die hoofde van skole en hul personeel wat as toetsafnemers opgetree het;

die skoolsielkundiges van die Sielkundige en Voorligtingsdiens van die verskillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van die toetsafnemers;

die leerlinge wat as respondente opgetree het; en

lede van die *ad hoc*-komitee wat met die beplanning van die projek behulpsaam was, naamlik:

<i>Dr. J.D. Venter (Voorsitter)</i>	<i>Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing</i>
<i>Prof. T.L. de Koning</i>	<i>Universiteit van Venda</i>
<i>Dr. P.H. du Preez</i>	<i>Departement van Nasionale Opvoeding</i>
<i>Prof. D. Joubert</i>	<i>Universiteit van Stellenbosch</i>
<i>Mnr. P.W. Mans</i>	<i>Natalse Onderwysdepartement</i>
<i>Prof. N.J. Mentz</i>	<i>Transvaalse Onderwysdepartement</i>
<i>Mnr. B. Olivier</i>	<i>Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop</i>
<i>Mnr. D.J.L. Pretorius</i>	<i>SAUK</i>
<i>Mnr. F. Swanepoel</i>	<i>OVS-Onderwysdepartement</i>
<i>Mnr. G. Yssel</i>	<i>SAUK</i>
<i>Dr. D.P. Conradie</i>	<i>Instituut vir Kommunikasienavorsing</i>
<i>Dr. P.C.J. Jordaan</i>	<i>Instituut vir Kommunikasienavorsing</i>
<i>Dr. C.R. Liebenberg</i>	<i>Instituut vir Opvoedkundige Navorsing</i>
<i>Dr. E.M. Madge</i>	<i>Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing</i>
<i>Dr. W.L. Roos</i>	<i>Instituut vir Mannekragnavorsing</i>
<i>Mnr. A.R. van den Berg</i>	<i>Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing</i>

Dank word ook met betrekking tot hierdie navorsingsbevinding betuig aan:

Dr. D.P. van Vuuren, dr. P.C.J. Jordaan en prof. D.J. Stoker wat in raadgevende hoedanigheid hulp verleen het;

Die RGN se Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste wat die redaksionele werk gedoen het.

INHOUD

BLADSY

SUMMARY/OPSOMMING

xi

HOOFSTUK 1

AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

1

1.1 INLEIDING TER ORIËTERING

1

1.2 PROBLEEMSTELLING

1

1.3 AFBAKENING VAN ONDERSOEK

3

HOOFSTUK 2

METODOLOGIE

7

2.1 DOEL EN HIPOTESE

7

2.2 METODE VAN ONDERSOEK

7

2.2.1 *Agtergrond*

7

2.2.2 *Meetinstrumente*

9

(1) Biografiese vraelys

9

(2) Vorm B

10

(3) Tydbenuttingsvraelys

11

(4) Televisievraelys

13

INHOUD

BLADSY

2.2.3	<i>Eksperimentele ontwerp</i>	14
	(1) Steekproef	14
	(2) Verwerking van gegewens	14
	HOOFSTUK 3	
	RESULTATE	20
3.1	INLEIDING	20
3.2	BESPREKING VAN RESULTATE	21
3.2.1	<i>Interpretasie van resultate van die statistiese ontledingsmetodes</i>	21
	(1) Stapsgewyse regressie-ontleding	21
	(2) Parsiële korrelasie-ontleding	23
	(3) Meervoudige logistiese regressie-ontleding	24
3.2.2	<i>Samevattende ontleding van resultate</i>	28
	(1) Televisiekyk	28
	(2) Geslag	30
	(3) Taa1	32
	(4) IK	35
	(5) Ouers se liefde vir lees	35
	(6) Sosio-ekonomiese status	37
	(7) Vakkeuse op skool	37
3.3	GEVOLGTREKKINGE	39

INHOUD

BLADSY

HOOFSTUK 4

	SAMEVATTING EN AANBEVELINGS	40
4.1	DOEL	40
4.2	METODE VAN ONDERSOEK	40
4.3	BEVINDINGE	40
4.3.1	<i>Televisiekyk</i>	41
4.3.2	<i>Geslag</i>	41
4.3.3	<i>Taal</i>	42
4.3.4	<i>IK</i>	42
4.3.5	<i>Ouers se liefde vir lees</i>	42
4.3.6	<i>Sosio-ekonomiese status</i>	42
4.3.7	<i>Vakkeuse op skool</i>	43
4.4	AANBEVELINGS	43

BYLAES

A	BELANGRIKSTE VERKLARENDE VERANDERLIKES EN/OF INTERAKSIES WAT VOLGENS DIE STAPSGEWYSE REGRESSIE-ONTLEDINGS MET LEESAKTIWITEITE 'N VERBAND GETOON HET	44
B	PARSIËLE KORRELASIES TUSSEN AFHANKLIKE VERANDERLIKES EN VERKLARENDE VERANDERLIKES WAT MET BEHULP VAN REGRESSIE-ONTLEDING GEÏDENTIFISEER IS	47
C	BELANGRIKSTE VERKLARENDE VERANDERLIKES EN/OF INTERAKSIES WAT VOLGENS DIE MEERVOUDIGE LOGISTIESE REGRESSIE-ONTLEDINGS MET LEESAKTIWITEITE 'N VERBAND GETOON HET	53
	BRONNELYS	74

TABELLE

NOMMER		BLADSY
2.1	TOETSPROGRAM WAT VIR OPVOLG- EN KONTROLEGROEPE GEBRUIK IS (1974-1981)	8
2.2	VERDELING VAN STEEKPROEF VOLGENS PROVINSIE, STREEK TAAL VAN ONDERRIG, GESLAG EN JAAR (NA WEGING)	15
3.1	BELANGRIKSTE VERKLARENDE VERANDERLIKES EN/OF INTERAKSIES TUSSEN DIE VERANDERLIKES WAT VOLGENS DIE STAPSGEWYSE REGRESSIE-ONTLEDING MET LEESAKTIVITEITE VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 EN 1977 'N VERBAND GETOON HET	22
3.2	BELANGRIKSTE VERKLARENDE VERANDERLIKES EN/OF INTERAKSIES TUSSEN DIE VERANDERLIKES WAT VOLGENS MEERVOUDIGE LOGISTIESE REGRESSIE-ONTLEDINGS MET LEESAKTIVITEITE VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 EN 1977 'N VERBAND GETOON HET	25
3.3	SAMEVATTING VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE SE LEESAKTIVITEITE WAT 'N VERBAND MET TELEVISIE TOON	29
3.4	SAMEVATTING VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE SE LEESAKTIVITEITE WAT 'N VERBAND MET GESLAG TOON	31
3.5	SAMEVATTING VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE SE LEESAKTIVITEITE WAT 'N VERBAND MET TAAL TOON	33
3.6	SAMEVATTING VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE SE LEESAKTIVITEITE WAT 'N VERBAND MET IK TOON	34
3.7	SAMEVATTING VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE SE LEESAKTIVITEITE WAT 'N VERBAND MET HUL OUIERS SE LIEFDE VIR LEES TOON	36
3.8	SAMEVATTING VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE SE LEESAKTIVITEITE WAT 'N VERBAND MET SOSIO-EKONOMIESE STATUS TOON	36
3.9	SAMEVATTING VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE SE LEESAKTIVITEITE WAT 'N VERBAND MET VAKKEUSE OP SKOOL TOON	38

SUMMARY

Despite the fact that the provision of education has improved during the past years and reading matter has become more readily available, there are still indications, both locally and overseas, that interest in reading and reading skills have not improved according to expectations. In this investigation the following factors relating to the reading interests of White Standard 10 pupils in the RSA were studied: television viewing, sex, language, IQ, parents' preference for reading, socio-economic status and choice of subjects at school.

Watching television is, without doubt, very popular among schoolgoing children. It is therefore understandable that there is concern about the fact that this activity could influence reading habits negatively. The relation between television viewing and an interest in reading was therefore of particular importance in this investigation. In contrast to expectations however, the results of this investigation have revealed that television probably with regard to certain reading activities played a more positive than negative role.

OPSOMMING

Ten spyte daarvan dat onderwysvoorsiening die laaste aantal jare verbeter het en leesstof beskikbaar is, is daar tog hier en oorsee aanduidings daarvan dat leesbelangstelling en -vaardigheid nie volgens verwagting verbeter het nie. In hierdie ondersoek is verkenningswerk gedoen ten opsigte van die volgende faktore wat 'n verband met die leesbelangstelling van Blanke standerd tien-leerlinge in die RSA getoon het: televisiekyk, geslag, taal, IK, ouers se liefde vir lees, sosio-ekonomiese status en vakkeuse op skool.

Televisiekyk is sonder twyfel baie gewild by skoolgaande leerlinge. Dit is dus verstaanbaar dat daar besorgdheid oor die feit bestaan dat televisiekyk leesaktiwiteite moontlik negatief kan beïnvloed. Die verband wat tussen televisiekyk en leesbelangstelling bestaan, geniet dus in hierdie ondersoek besondere aandag. Anders as wat verwag is, is uit die resultate van hierdie ondersoek by standerd tien-leerlinge aanduidings daarvan gevind dat die rol van televisie ten opsigte van sekere leesaktiwiteite waarskynlik eerder positief as negatief van aard is.

HOOFSTUK 1

AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

1.1 INLEIDING TER ORIËTERING

Die leesaktiwiteite van 'n bevolkingsgroep weerspieël in 'n groot mate die kultuur- en geletterdheidsvlak van die lede daarvan. Onlangse verbeterde onderwysvoorsiening asook die toenemende beskikbaarheid van leesstof het wêreldwyd die verwagting geskep dat die leesbelangstelling en geletterdheidspeil van alle bevolkingsgroepe as gevolg daarvan aansienlik sou verbeter.

Opsienbarende feite bewys egter die teendeel van hierdie verwagting. Veertig miljoen volwassenes in die VSA (een uit elke vyf) kon in 1975 nie in so 'n mate lees en skryf dat hulle sonder hulp hul eie sake kon hanteer nie (MacKinnon 1980). Dit is belangrik dat 'n aansienlike persentasie van sowel die suksesvolle eerstejaars (29,8 %) as die eerstejaar-druipelinge (35 %) by die Randse Afrikaanse Universiteit in 'n ondersoek blyke gegee het van 'n onvermoë wat leesbegrip en -vaardigheid betref (Marais 1980). Volgens Van Schoor (1981) verskil die verwagte en werklike leesvaardigheid van 'n groep eerstejaars aan die Universiteit van Wes-Kaapland heelwat. Verskeie ondersoeke hier en oorsee dui daarop dat leesaktiwiteite ook nie die verwagte plek in die vryetydsbesteding van kinders en volwassenes inneem nie (Fouché 1977, *Commissie voor Propaganda en Speurwerk van de Vereniging ter bevordering van het Vlaamse Boekwezen* 1975).

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die optimisme wat geheers het word dus huidig getemper deur 'n mate van besorgdheid wat in 'n besondere mate op skoolgaande

kinders gerig is omdat leesvaardigheid en -belangstelling betekenis het vir die kwaliteit van hul volwassewording.

Lees is belangrik vir kinders se taalontwikkeling omdat hulle in geskrewe vorm vertrouwd moet raak met taalkomponente soos woordeskat, sinsbou, idiome, punktuasie, ensovoorts. Goeie taal- en leesvermoëns hou verband met leesgenot wat 'n sneeu-baleffek op verdere leesaktiwiteite het. Lees- en taalvaardigheid bevorder kognitiewe ontwikkeling en is noodsaaklik vir bevredigende akademiese vordering in die huidige onderwysstelsel (Bamberger 1975, Feinberg 1977, Van Schoor 1981).

Lees dra ook by tot die ontwikkeling van konseptuele denke en 'n kritiese begripsvermoë wat veral van groot belang is in die hoër klasse van die skool (Hawley 1980). Dit is bevorderlik vir konsentrasievermoë (MacKinnon 1980) en die hoë vlak van abstrahering in die geskrewe woord dra daartoe by dat kinders wat baie lees dit makliker vind om verworwe kennis na nuwe situasies oor te dra (Schramm, Lyle en Parker 1961). Lees stimuleer die verbeelding en vertolkingsbekwaamheid van 'n kind omdat die gevoelskwaliteit van die geskrewe woord deur die leser self vertolk moet word en 'n eie skeppende bydrae dus van hom vereis word (Coetzee 1977). Derhalwe kan dit begryp word dat ouers en verantwoordelike persone verontrus sal wees oor moontlike tekorte in leesvaardigheid en leemtes in die leesbelangstelling van skoolgaande kinders.

Teen hierdie agtergrond van besorgdheid oor die leesaktiwiteite van kinders, is die gewildheid van televisie besonder opvallend. Reeds in 1973 het standerd vyf-leerlinge in Amerika drie keer meer tyd aan televisie as aan lees afgestaan (Hamilton 1973) en daar is aanduidings dat die gewildheid van televisie steeds toeneem. In die RSA is die gemiddelde daaglikse televisiekyktyd van kinders wat in standerd drie tot standerd tien op skool is, op woensdae 2,3 uur, op Vrydae 3 uur en op Saterdag 4,5 uur (Van Vuuren, Pitout, Van Deventer 1984).

Die vraag ontstaan onvermydelik of daar nie miskien 'n verband tussen die televisiekyk- en leespatrone van kinders bestaan nie: Is dit nie 'n feit nie dat die mens hom al hoe minder op 'n grafiese sisteem verlaat omdat hy oor gewilder alternatiewe soos elektroniese media en rekenaars beskik? MacKinnon (1980: 3) beskryf hierdie situasie soos volg: "The twentieth century has fostered the development of electronic means of recording and disseminating information, and this act has threatened the primacy of literacy. New terms like visual literacy abound". In aansluiting by MacKinnon beklemtoon Rutstein (1972: 137) die implikasies van hierdie situasie op skoolvordering: "Nurtured on TV since infancy, today's child is a picture and image oriented student who sits in a classroom being taught by a word oriented teacher".

Teen hierdie agtergrond is dit logies dat ondersoekers vandag met nuwe belangstelling na die leesaktiwiteite van kinders as probleemarea sal begin kyk. Die RSA is een van die min lande waar lig op hierdie belangrike aangeleentheid gewerp kan word omdat die land een van die weinig Westers-geïndustrialiseerde lande was wat reeds voor die instelling van televisie met navorsing begin het om die invloed van hierdie medium onder andere op die leesaktiwiteite van kinders te bepaal.

1.3 AFBAKENING VAN ONDERSOEK

In ondersoeke na leesaktiwiteite is die ingewikkelde aard daarvan dikwels onderskat en is die problematiek daaromtrent oorvereenvoudig (Mott 1970). Gevolglik is besluit om eers 'n verkennende ondersoek te doen wat as basis vir verdere ondersoeke kan dien. 'n Steekproef bestaande uit standerd tien-leerlinge is gebruik omdat tendense in leespatrone aan die einde van die sekondêreskool waarskynlik meer gevestig is as vroeër in die leerlinge se skoolloopbaan.

In ondersoek oorsee word soms verwys na faktore wat die leespatrone van leerlinge beïnvloed. Mott (1970) wys in 'n ondersoek daarop dat daar in die VSA verskille in leesbelangstelling tussen die twee geslagte bestaan.

Die verband tussen sosio-ekonomiese status en leesaktiwiteite word ook beklemtoon (Hamilton 1973, Comstock *et al.* 1978, Roberts *et al.* 1984). Mott (1970), Chall (1983) en Roberts *et al.* (1984) beskou die beskikbaarheid van leesstof in die huis en die leesbelangstelling van die ouers as belangrike faktore wat die leesaktiwiteite van kinders beïnvloed. Hoewel sommige ondersoekers meen dat IK leesaktiwiteite in 'n hoë mate beïnvloed (Morgan en Gross 1980, Williams *et al.* 1982, Roberts *et al.* 1984), meen veral ouer navorsers soos Spache (1954), egter dat IK nie 'n rol in leerlinge se leesvoorkeure speel nie.

Na aanleiding van hierdie ondersoek ontstaan die vraag na die rol wat genoemde en ander faktore in die Suid-Afrikaanse samelewingstruktuur ten opsigte van leespatrone speel.

Daar bestaan heelwat meningsverskil oor die rol wat televisie met betrekking tot die leespatrone van kinders speel. Sommige ondersoekers beklemtoon die vervangingseffek van televisie en gebruik argumente soos die volgende om aan te toon dat televisie die leesaktiwiteite van kinders nadelig raak: televisie neem soveel van die voorskoolse kind se tyd in beslag dat aktiwiteite soos modelle bou, prentjies uitknip en speel met maats afgeskeep word. Die klein kind ly dus skade nie alleen wat sy persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling betref nie, maar ook wat betref die ontwikkeling van sy fyn en growwe motoriese vaardighede en sy perseptueel-motoriese vaardigheid (MacKinnon 1980). Sy vermoë om leesopdragte uit te voer is in 'n groot mate van hierdie basiese vaardighede afhanklik.

Ander argumente wat ter staving van die negatiewe invloed van televisie gebruik word, is die volgende: Televisie beïnvloed

leesbegrip en woordeskat negatief as gevolg van gebrek aan lees-oefening (Morgan en Gross 1980). Kinders wat baie televisie kyk word klank- en prentgeoriënteerd en hulle raak gou verveeld met boeke (Larrick 1975). Oormatige televisiekyk hou verband met 'n afname in leesbegripvermoë as gevolg van onvoldoende ontwikkeling van die brein (Winn 1977). Televisie bied min intellektuele stimulus aan adolessente want hierdie medium maak gebruik van die woordeskat van vierjariges (Saudek 1962). Die stadiger tempo waarteen die intrige en karakterontwikkeling in boeke plaasvind, is vir kinders nie aanvaarbaar na die voortdurende aksie en onmiddellike oplossings wat televisie bied nie (Morgan en Gross 1980). Kinders in Amerika wat na die program, "Sesame Street" gekyk het, was nie meer leesgereed as dié wat nie gekyk het nie (Sprigle 1972).

In teenstelling met die voorafgaande is daar diegene wat meen dat televisie die leesbelangstelling en -vaardigheid van kinders bevorder, derhalwe word die opvoedkundige waarde en inhoud van televisieprogramme deurgaans beklemtoon. In teenstelling met die standpunt van Sprigle wys Minton (1972) en Feeley (1975) op die positiewe resultate wat reeds in Amerika met die televisieprogramme van *The Children's Television Workshop* ("Sesame Street" en "The Electric Company") behaal is. Laasgenoemde program is direk op lees vir beginnersklasse gerig.

Volgens Feeley bevorder genoemde programme leesgereedheidsfaktore soos letterbenoeming, bekendheid met letterklanke, die klassifikasie van letters en links-regs oriëntasie.

Ook Tierney (1980) benadruk die moontlikhede wat televisie vir leesonderrig aan kinders bied. In die VSA verskyn daar soveel optografeme op die televisieskerm dat dit veral aan kleiner kinders leeshulp verskaf (Peters 1980). Interessante programme

wek by kinders belangstelling in 'n groter verskeidenheid onderwerpe (veral van nie-fiktiewe aard) wat tot leesbelangstelling in die onderwerpe lei (Himmelweit, Oppenheim en Vince 1958, Montgomery 1960, Wagner 1961, Hamilton 1973, Busch 1978).

'n Derde standpunt word ook ondersteun, naamlik dat die invloed van televisie op leespatrone volgens die ontwikkelingsfase van die kind varieer. Die invloed is positief in die laer standerds en negatief in die hoër standerds met 'n oorgangspunt tiewers tussen standerd-vier en -ses (Childers en Ross 1973, Fisher en Bruss 1976, Busch 1978, Moldenhauer en Millar 1980).

Uit die voorafgaande blyk dat daar groot belangstelling is in die rol wat televisie by leesaktiwiteite speel, maar dat daar 'n leemte is ten opsigte van kennis omtrent die rol wat ander faktore speel. Daar sal dus in die ondersoek nie net aan televisie aandag gegee moet word nie, maar ook aan die ander faktore. Slegs deur televisie te plaas naas ander faktore wat leesaktiwiteite beïnvloed, sal 'n geheelbeeld gevorm kan word waarin die relatiewe belangrikheid van televisie in vergelyking met ander faktore in perspektief gesien kan word.

HOOFSTUK 2

METODOLOGIE

2.1 DOEL EN HIPOTESE

Die doel met hierdie ondersoek is om vas te stel wat die rol is wat televisiekyk, asook enkele biografiese en ander agtergrondsfaktore by die leesaktiwiteite van Blanke standerd tien-leerlinge speel.

As hipotese is gestel dat die veranderlikes televisiekyk, geslag, taal, IK, sosio-ekonomiese status, ouers se liefde vir lees en die leerlinge se vakkeuse op skool 'n verband toon met die leesaktiwiteite van Blanke standerd tien-leerlinge.

2.2 METODE VAN ONDERSOEK

2.2.1 *Agtergrond*

Sedert 1974 het die Instituut vir Kommunikasie-navorsing van die RGN in samewerking met die vier provinsiale onderwysdepartemente en die SAUK 'n omvattende ondersoek geloods na die invloed van televisie op skoolgaande leerlinge vanaf standerd-drie tot standerd-tien. 'n Wye verskeidenheid aspekte is in die loop van agt jaar, vanaf 1974 tot 1981, met behulp van vraelyste en gestandaardiseerde toetse ondersoek. 'n Steekproef bestaande uit standerd-drie en standerd-ses leerlinge wat by die eerste opname in 1974 ingesluit was, is vir eksperimentele doeleindes jaarliks opgevolg tot dat hierdie respondente standerd-tien bereik het (opvolggroepe). Naas hierdie twee opvolggroepe is daar ook jaarliks ongeveer 1 500 leerlinge uit kontrolegroepe in elke standerd getoets (vergelyk tabel 2.1). Gegewens van die leerlinge in die kontrolegroepe is vir onderhawige ondersoek gebruik.

TABEL 2.1

TOETSPROGRAM WAT VIR OPVOLG- EN KONTROLEGROEPE GEBRUIK IS (1974-1981)

Jaar	Standerd 3	Standerd 4	Standerd 5	Standerd 6	Standerd 7	Standerd 8	Standerd 9	Standerd 10	Subtotale	Totale
1974	7 500	1 500	1 500	5 000	1 500	1 500	1 500	1 500	21 500	21 500
1975	1 500	6 525	1 500	1 500	1 500	1 500	1 500	1 500	10 275	22 275
1976	-	-	5 700	-	-	2 850	-	-	8 550	11 550
1977	1 500	1 500	1 500	5 000	1 500	1 500	1 875	1 500	6 875	18 875
1978	-	-	-	-	3 750	-	-	1 500	5 250	8 250
1979	1 500	1 500	1 500	1 500	1 500	2 850	1 500	1 500	2 850	14 850
1980	-	-	-	-	-	-	1 875	-	1 875	3 375
1981	-	-	-	-	-	-	-	1 500	1 500	3 000
TOTAAL										103 675

— Instelling van televisie

Met -Opvolggroep (dieselfde leerlinge elke jaar getoets)

Sonder = Kontrolegroep (N ± 1 500)

2.2.2 Meetinstrumente

Daar is van vier vraelyste gebruik gemaak wat vir die projek:
Die invloed van televisie op die skoolgaande jeug deur die
RGN se Instituut vir Kommunikasievorsing opgestel is:

(1) Biografiese Vraelys

Deur middel van hierdie vraelys is identifiserende biografiese gegewens van die leerlinge ingewin met inbegrip van godsdiens-tige, sosiale en skolastiese besonderhede. Die volgende vrae is uit hierdie vraelys gebruik:

- (a) Ek is 'n seun/meisie.
- (b) Watter taal praat jy die meeste by die huis? Afrikaans/Engels/Afrikaans en Engels/Duits/Nederlands/Grieks/Italiaans/Portugees/Ander taal.
- (c) Merk in watter standerd jy is. St 3/St. 4/ St. 5/St. 6/ St. 7/St. 8/St. 9/St. 10.
- (d) In watter provinsie is jou skool geleë? Kaapland/Natal/Oranje-Vrystaat/Transvaal.
- (e) Streek: Stedelik/nie-stedelik (vervat in identiteitsnommer).
- (f) Jaar: Wissel vanaf 1974 tot 1981 (vervat in identiteitsnommer).
- (g) Toon aan watter vak(ke) jy neem. Wiskunde/n Derde taal byvoorbeeld Latyn, Duits, Frans, ensovoorts/Geskiedenis/Aardrykskunde/Biologie/Natuur- en Skeikunde.
- (h) Wat is die beroep van jou vader/stiefvader/voog (die man wat aan die hoof van julle gesin staan)? Sê duidelik wat hy doen, byvoorbeeld rangeerder op spoorweë, predikant, boer, onderwyser, klerk, winkeleienaar, ensovoorts.

Die antwoorde van die leerlinge op hierdie vraag is soos volg gekategoriseer:

- (i) Professionele, tegniese en verwante werker.
- (ii) Administratiewe, uitvoerende en besturende werker.
- (iii) Klerklike werker.
- (iv) Verkoopswerker.
- (v) Werkers in boerdery, vissery, jag.
- (vi) Myn-, steengroefwerker.
- (vii) Vervoer-, en kommunikasiewerker.
- (viii) Vakman, produksiewerker en arbeider.
- (ix) Diens-, sport- en ontspanningswerker.

(Hierdie kategorieë is van die Departement van Statistiek (1968) verkry.) Vir die doel van hierdie ondersoek is kategorieë i tot iv as 'n *hoë beroepskeuse* saamgegroeper en kategorieë v tot ix as 'n *lae beroepskeuse**.

- (i) In watter taal ontvang jy onderrig in die skool?
Afrikaans/Engels/Afrikaans en Engels (dubbelmedium)/
Ander taal.

(2) Vorm B

Die klasonderwyseres verskaf in hierdie vraelys inligting omtrent die skoolprestasie en verstandelike vermoëns van leerlinge.

- (a) Wat is die leerling se IK volgens die intelligensietoets? (Indien die leerling meer as een keer getoets is, gee die jongste resultaat). Nie-verbaal/Verbaal/Totaal.

*Hierdie kategorisering is op die klassifikasie van Strijdom (1971: 29) gebaseer, naamlik dat kategorieë i en ii as hoë, iii en iv as gemiddelde, en die res as lae sosio-ekonomiese beroepe omskryf kan word.

(3) Tydbenuttingsvraelys

Hierdie vraelys is opgestel om gegewens te versamel omtrent die wyse waarop leerlinge gedurende skoolkwartale hulle tyd na skoolure benut. Vrae wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek gebruik is, is die volgende:

- (a) Is die grootmense in jou huis lief om te lees? Ja/
Nee/Ek weet nie.
- (b) Behoort jy aan 'n biblioteek? (nie jou skoolbiblioteek
nie) Ja/Nee.
- (c) Hoeveel uur per week bestee jy gewoonlik aan lees (jou
skoolwerk uitgesluit)? Lees glad nie/Minder as 1 uur/
Een uur en meer, maar minder as 2 uur/Twee uur en meer,
maar minder as 3 uur/Drie uur en meer, maar minder as
4 uur/Vier uur en meer, maar minder as 5 uur/Vyf uur
of meer.
- (d) Dui aan in watter mate jy elk van die volgende soorte
leesstof lees: Boeke (nie jou skoolboeke nie), Tyd-
skrifte, Strokiesverhale ("comics") en fotoverhale,
Koerante. Lees dit baie/lees dit af en toe/lees dit
nooit nie.
- (e) Hoeveel *boeke* het jy *verlede week* deurgelees? (Moenie
skoolboeke, tydskrifte, fotoverhale en strokiesverhale
("comics") bytel nie.) Geen/Een/Twee/Drie/Vier/Vyf/Ses/
Sewe/Agt/Nege of meer.
- (f) In hoeveel *tydskrifte* het jy *verlede week* iets gelees?
(Moenie fotoverhale en strokiesverhale ("comics") bytel
nie.) Geen/Een/Twee/Drie/Vier/Vyf/Ses/Sewe/Agt/Nege of
meer.

- (g) Hoeveel strokiesverhaalboekies ("comics") en fotoverhaalboekies het jy *verlede week* gelees? Geen/Een/Twee/Drie/Vier/Vyf/Ses/Sewe/Agt/Nege of meer.
- (h) Hoe dikwels het jy *verlede week* strokiesverhale en fotoverhale wat in koerante verskyn, gelees? Nooit/Een keer/Twee keer/Drie tot vier keer/Vyf tot ses keer/Sewe of meer keer.
- (i) Op hoeveel van die sewe dae het jy *verlede week* koerant gelees? Geen/Een/Twee/Drie/Vier/Vyf/Ses/Sewe.
- (j) Het jy *verlede week* 'n Sondagkoerant gelees? Ja/Nee.
- (k) Dui aan in watter mate jy elkeen van die volgende soorte leesstof lees (jou gewone skoolboeke uitgesluit): Grappige verhale, oorlogsverhale en avontuur, liefdesverhale, verhale oor kinders, diereverhale, speurverhale, moordverhale en "Westerns", gedigte ("Resitasies"), Bybelverhale, oor stokperdjies (bv. seëls versamel), oor sport, oor skoolvakke - nie jou gewone skoolboeke nie, Die Bybel, lewensbeskrywings, skoolverhale en koshuisverhale, geskiedkundige verhale (bv. verhale oor die Groot Trek, ens.), wetenskapfiksie ("Science Fiction") (bv. stories oor ruimtereise, bewoners van ander planete, ens.), reisverhale (ander en vreemde plekke), toneelstukke. Lees dit baie/lees dit af en toe/ lees dit nooit nie.

(4) Televisievraelys

Die doel met die vraelys is om inligting oor die televisie-kykgewoontes van leerlinge in te win. Die volgende vrae uit hierdie vraelys is gebruik:

- (a) Hoe lank het julle gesin al 'n televisiestel in die huis?
Beskik nie oor 'n televisiestel tuis nie/Minder as drie maande/Drie maande en meer, maar minder as ses maande/
Ses maande en meer, maar minder as nege maande/
Nege maande en meer, maar minder as twaalf maande/
Een jaar en meer, maar minder as twee jaar/
Twee jaar en meer, maar minder as drie jaar/
Drie jaar en meer, maar minder as vier jaar/
Vier jaar en meer, maar minder as vyf jaar.
- (b) Hoeveel uur *per dag* kyk jy gewoonlik televisie?
(Maandae tot Donderdae gedurende skoolkwartale)
Kyk nooit televisie nie/
Minder as 1 uur/
Een uur en meer, maar minder as twee uur/
Twee uur en meer, maar minder as drie uur/
Drie uur en meer, maar minder as vier uur/
Vier uur en meer, maar minder as vyf uur/
Vyf uur of meer.
- (c) Hoeveel uur *per dag* kyk jy gewoonlik oor naweke televisie?
(Vrydae tot Sondag gedurende skoolkwartale)
Kyk nooit televisie nie/Minder as een uur/
Een uur en meer, maar minder as twee uur/
Twee uur en meer, maar minder as drie uur/
Drie uur en meer, maar minder as vier uur/
Vier uur en meer, maar minder as vyf uur/
Vyf uur en meer, maar minder as ses uur/
Ses uur en meer, maar minder as sewe uur/
Sewe uur of meer.

2.2.3 *Eksperimentele ontwerp*

(1) Steekproef

Gegewens wat in die ondersoek gebruik is, is dié van die standaard tien-leerlinge uit die kontrolegroepe van die jare 1974 en 1977 (wat deel uitgemaak het van die omvattende ondersoek wat onder par. 2.2.1 bespreek is).

Op versoek van die RGN se Instituut vir Kommunikasie-navorsing het die vier provinsiale onderwysdepartemente die nodige getalle ten opsigte van die Blanke skoolbevolking in 1973 voorsien. Met behulp van hierdie inligting is steekproewe op nasionale grondslag gestratifiseer volgens geslag, taal van onderrig, die stedelike en nie-stedelike ligging van die skole waarin die leerlinge skoolgaan en die provinsie waarin die skole geleë is.

Die gegewens van die 1974-leerlinge (N = 1236) is vóór die instelling van televisie ingewin en die gegewens van die 1977-leerlinge (N = 1149) ná die instelling daarvan by ander skole. Die BMDP3F-rekenaarprogram is gebruik om die vergelykbaarheid van die twee steekproewe volgens die veranderlikes geslag, taal van onderrig, streek en provinsie na te gaan. Waar nodig, is daar op ewekansige wyse van die leerlinge uit oorvertewoordigde kategorieë weggelaat totdat die samestelling van die twee steekproewe ten opsigte van genoemde veranderlikes nie betekenisvol van mekaar verskil het nie. Die samestelling van die geweegde steekproewe word in tabel 2.2 weergegee.

(2) Verwerking van gegewens

Ten einde vas te stel watter faktore in die leefwêreld van standaard tien-leerlinge met hul leespatrone verband hou, is 'n stapsgewyse regressie-ontleding op 'n aantal veranderlikes van biogra-

TABEL 2.2

VERDELING VAN STEEKPROEF VOLGENS PROVINSIE, STREEK, TAAL VAN
ONDERRIG, GESLAG EN JAAR (NA WEGING)

Jaar (J)	Geslag (G)	Taal (T)	Streek (S)	Provinsie (P)				Totaal van subgroepe	TOTAAL
				Kaap	Natal	OVS	Tvl		
1974	Seuns	Afr.	Stedelik	34	6	14	126	180	
			Nie-stedelik	82	13	38	103	236	
	Eng.	Stedelik	50	43	3	71	167		
		Nie-stedelik	12	12	1	14	39		
Meisies	Afr.	Stedelik	35	6	17	122	180		
		Nie-stedelik	84	10	33	111	238		
		Eng.	Stedelik	44	41	2	69	156	
			Nie-stedelik	10	14	4	12	40	
									1 236
1977	Seuns	Afr.	Stedelik	37	7	17	113	174	
			Nie-stedelik	82	14	11	119	226	
	Eng.	Stedelik	40	37	4	40	121		
		Nie-stedelik	11	17	3	17	48		
Meisies	Afr.	Stedelik	35	10	14	119	178		
		Nie-stedelik	71	14	11	108	204		
		Eng.	Stedelik	45	37	2	62	146	
			Nie-stedelik	16	17	3	16	52	
									1 149

fiese, sosio-ekonomiese, sosiaalsielkundige en skolastiese aard toegepas. Die volgende verklarende veranderlikes is deur middel van 'n Chaid-analise as die belangrikste geïdentifiseer en in die ontledings gebruik: geslag, huistaal, IK, sosio-ekonomiese status, ouers se liefde vir lees en vakkeuse op skool. Vir die ontleding van die 1977-gegewens is die aantal uur per dag wat leerlinge gedurende die week (TV-week) en gedurende die naweek (TV-naweek) aan televisiekyk bestee het, ook as verklarende veranderlikes gebruik.

Vrae rakende leespatrone (afhanklike veranderlikes) kan in twee hoofgroepe verdeel word, naamlik dié wat kontinu van aard is en dié wat kategorieëse afhanklike veranderlikes is.

(a) Kontinue afhanklike veranderlikes

Die afhanklike veranderlikes wat hier ter sprake is, is die response op vrae 3, 5, 6, 7, 8 en 9 van die Tydbenuttingsvraelys (vergelyk paragraaf 2.2.2(3)). Om te bepaal watter van die verklarende veranderlikes die grootste bydrae tot die verklaring van die variasie in die afhanklike veranderlikes lewer, is die data ontleed deur middel van die STEPWISE-regressie-ontledingsprosedure van die SAS-rekenaarprogramstelsel (S.A.S. Institute 1979).

Die volgende kriteria is gesamentlik gebruik om te besluit op watter stadium die rekenaarprogram beëindig moet word: indien die bepaaldheidskoeffisient (R^2) min of meer stabiliseer, die C(P)-waarde benaderd gelyk is aan die aantal vryheidsgrade, en die β -koeffisiënte van die veranderlikes in die betrokke model statisties betekenisvol is. Elk van die ses vrae is ontleed ten opsigte van die 1974-gegewens, die 1977-gegewens met TV-data uitgesluit en die 1977-gegewens met TV-data ingesluit. Die

resultate van die stapsgewyse regressie-ontleding word in bylae A weergegee.

Ten einde vas te stel in hoe 'n mate televisiekyk gedurende die week en die naweek verband hou met die afhanklike veranderlikes (leespatrone) is partiële korrelasies bereken op die 1977-gegewens met TV-data ingesluit deur middel van die rekenaarprogram GLM van die SAS-rekenaarprogramstelsel. Die partiële korrelasies is bereken tussen 'n afhanklike veranderlike en die kontinue verklarende veranderlikes per subpopulasie van die verklarende veranderlikes. Slegs die verklarende veranderlikes wat deur middel van die stapsgewyse regressie-ontleding geïdentifiseer is as die belangrikste veranderlikes, is gebruik. Die resultate van die partiële korrelasie-ontleding word in bylae B weergegee.

(b) Kategorieese afhanklike veranderlikes

Die afhanklike veranderlikes wat hier ter sprake is, is die response op vrae 2, 4, 10 en 11 van die Tydbenuttingsvraelys (vergelyk paragraaf 2.2.2(3)). Om te bepaal watter van die verklarende veranderlikes verband hou met die afhanklike veranderlikes, is die data ontleed deur middel van die rekenaarprogram PLR van die BMD-rekenaarprogramstelsel.

Hierdie rekenaarprogram pas 'n meervoudige logistiese regressie-model by een digotome (binêre veranderlike met waardes 0 en 1) afhanklike veranderlike en 'n stel van onafhanklike veranderlikes. Dit is 'n stapsgewyse prosedure wat een veranderlike byvoeg of weglaat by elke stap. Vanweë die omvang van die rekenaarverwerking is die kwantitatiewe veranderlikes (IK, sosio-ekonomiese status, TV-week en TV-naweek) op grond van die frekwensieverdelings daarvan op so 'n wyse gekategoriseer dat die groepe vir elke veranderlike min of meer ewe groot is. Die volgende kate-

gorieë is vir die veranderlikes gebruik: _____

Taal : 1. Afrikaans*
2. Engels

Geslag : 1. Seuns*
2. Meisies

IK : 1. 121-145
2. 114-120
3. 107-113
4. 100-106
5. 75-99*

Sosio-ekonomiese status : 1. Hoog*
2. Laag

Ouers se leespatroon : 1. Ouers lief vir lees*
2. Ouers nie lief vir lees nie

Vakkeuse op skool : 1. Met wiskunde of 'n derde taal*
2. Sonder wiskunde of 'n derde taal

TV-week : 1. Een uur en meer
2. Minder as een uur
3. Nooit nie*

TV-naweek : 1. Drie uur en meer
2. Nul tot drie uur*.

*Verwysingskategorieë. Enige kategorieë veranderlike met sê K-kategorieë word in die regressie-analises deur K-1 digotomiese veranderlikes voorgestel, waarby almal een bepaalde kategorie van die oorspronklike kategorieë veranderlike as een van sy kategorieë insluit. Daardie gemeenskaplike kategorie staan as die verwysingskategorie bekend.

Daar word verder in die teks van die onderstaande afkortings gebruik
gemaak om die volgende aan te dui:

Getal uur per weekdag aan televisie bestee = TV-week

Getal uur per naweekdag aan televisie bestee = TV-naweek.

Elke vraag is afsonderlik ontleed ten opsigte van die 1974-gegewens,
die 1977-gegewens met TV-data uitgesluit, die 1977-gegewens met
TV-week data ingesluit en die 1977-gegewens met TV-naweek data
ingesluit. Slegs die belangrikste veranderlikes en/of interaksies is
in elke geval geïdentifiseer. Die resultate van die PLR-rekenaarpro-
gram word in bylae C weergegee.

HOOFSTUK 3

RESULTATE

3.1 INLEIDING

Die doel met die studie was om ondersoek in te stel na die rol wat televisiekyk, enkele biografiese gegewens en ander agtergrondsfaktore by die leesaktiwiteite van standerd tien-leerlinge speel. Daar is gebruik gemaak van die gegewens van standerd tien-leerlinge van 1974 en 1977. Die afhanklike veranderlikes wat op die interval-skaal meetbaar is (byvoorbeeld aantal boeke per week gelees), is ontleed deur middel van 'n stapsgewyse regressie-ontleding. Op die 1977-gegewens (waarby televisiegegewens ingesluit is) is daar betreffende die response op die betrokke vrae, partiële korrelasies bereken. Die kategorieë afhanklike veranderlikes (byvoorbeeld biblioteeklidmaatskap) is deur middel van die passing van 'n meervoudige logistiese regressie-model ontleed (vergelyk paragraaf 2.2.3(2) vir meer besonderhede).

Die resultate van die stapsgewyse regressie-ontleding word in bylae A weergegee en saamgevat in tabel 3.1. Die resultate van die partiële korrelasie-ontleding word in bylae B weergegee, terwyl die resultate van die meervoudige logistiese regressie-ontleding in bylae C beskikbaar is en saamgevat word in tabel 3.2. Om beter insig in die resultate te kry is die verband tussen die leesaktiwiteite van die leerlinge en die onderskeie verklarende veranderlikes in tabelvorm soos volg saamgevat: verband tussen leesaktiwiteite

- . en televisiekyk - tabel 3.3
- . en geslag - tabel 3.4
- . en taal - tabel 3.5
- . en IK - tabel 3.6

- . en ouers se liefde vir lees - tabel 3.7
- . en sosio-ekonomiese status - tabel 3.8
- . en vakkeuse op skool - tabel 3.9

3.2 BESPREKING VAN RESULTATE

3.2.1 Interpretasie van resultate van die statistiese ontledingsmetodes

(1) Stapsgewyse regressie-ontleding (vergelyk tabel 3.1)

Die bepaaldheidskoeffisiënte (R^2 -waardes) is oor die algemeen redelik laag wat daaraan toegeskryf kan word dat die variasie in die afhanklike veranderlike alleen in 'n beperkte mate deur die verklarende veranderlikes wat in die analise gebruik is, verklaar kan word.

Vanweë die omvang van die verskillende statistiese ontledings word slegs vraag 3 by wyse van voorbeeld (dit handel oor die getal ure wat aan lees bestee word) in besonderhede bespreek. Die res van tabel 3.1 moet op soortgelyke wyse geïnterpreteer word. Die bepaaldheidskoeffisiënte (R^2 -waardes) vir die onderskeie afhanklike veranderlikes is respektiewelik 0,1061, 0,0803 en 0,0864 vir die 1974-gegewens, die 1977-gegewens met TV-data uitgesluit en die 1977-gegewens met TV-data ingesluit.

Dit is opvallend dat die veranderlike *IK* ten opsigte van al die datastelle 'n statisties betekenisvolle verband toon met die hoeveelheid tyd wat aan lees bestee word. Ten opsigte van die 1974-gegewens is *geslag*, *taal* en die interaksie tussen die leerlingse *IK* en *hul ouers se leespatroon*, die ander belangrikste verklarende veranderlikes. Met betrekking tot die 1977-gegewens waarby

TABEL 3.1

BELANGRIKSTE VERKLARENDE VERANDERLIKES EN/OF INTERAKSIES TUSSEN DIE VERANDERLIKES WAT VOLGENS DIE STAPSGEWYSE REGRESSIE-ONTLEDING MET LEESAKTIVITEITE VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 EN 1977 'N VERBAND GETOON HET (VERGELYK BYLAE A)

Leesaktiwiteit	1974-gegewens		1977-gegewens met TV-data uitgesluit		1977-gegewens met TV-data ingesluit	
	R ² -waarde	Belangrikste verklarende veranderlikes en/of interaksie	R ² - waarde	Belangrikste verklarende veranderlikes en/of interaksie	R ² -waarde	Belangrikste verklarende veranderlikes en/of interaksie
Getal ure aan lees bestee (vr. 3)	0,1061	Geslag Taal IK IK * ouers se leespatroon*	0,0803	Geslag * sosio-ekonomiese status Taal * IK IK Sosio-ekonomiese status * ouers se liefde vir lees	0,0864	Geslag * TV-week Taal * TV-week IK Sosio-ekonomiese status * ouers se liefde vir lees
Getal boeke gelees (vr. 5)	0,0533	Geslag Geslag * ouers se liefde vir lees Huistaal * IK IK	0,0420	Geslag IK	0,0541	Geslag * IK IK TV-week * TV-naweek
Getal tydskrifte gelees (vr. 6)	0,028	Taal Ouers se liefde vir lees	0,0357	Taal * sosio-ekonomiese status IK Sosio-ekonomiese status * ouers se liefde vir lees	0,0407	Taal * sosio-ekonomiese status IK Sosio-ekonomiese status * ouers se liefde vir lees Vakkeuse op skool * TV-week
Getal foto- en strokiesverhaal-boekies gelees (vr. 7)	0,0963	Geslag * taal Geslag * IK Taal Taal * sosio-ekonomiese status Taal * vakkeuse op skool Sosio-ekonomiese status	0,0816	Geslag * vakkeuse op skool Taal IK Sosio-ekonomiese status * vakkeuse op skool	0,0877	Geslag * sosio-ekonomiese status Taal IK Sosio-ekonomiese status * vakkeuse op skool TV-week * TV-naweek
Getal foto- en strokiesverhale in koerante gelees (vr. 8)	0,0864	Geslag IK	0,0993	Geslag * taal Geslag * IK Taal * sosio-ekonomiese status IK	0,1024	Geslag * IK IK IK * sosio-ekonomiese status Sosio-ekonomiese status * TV-week
Getal dae koerant gelees (vr.9)	0,0833	Geslag Taal * vakkeuse op skool IK IK * sosio-ekonomiese status	0,0861	Geslag * IK IK IK * sosio-ekonomiese status	0,1148	Geslag * IK Taal IK * sosio-ekonomiese status Vakkeuse op skool Vakkeuse op skool * TV-week

*Dui interaksie tussen IK en ouers se leespatroon aan

die TV-data uitgesluit is, het die interaksies tussen die *geslag van die leerlinge en hul ouers se sosio-ekonomiese status*, asook tussen *taal en IK* en tussen *hul ouers se sosio-ekonomiese status en liefde vir lees* ook 'n statisties betekenisvolle verband met die aantal ure wat hulle aan lees bestee, getoon. Wat die 1977-gegewens met TV-data ingesluit betref, is die interaksies tussen die veranderlikes *geslag en TV-week*, *taal en TV-week*, asook *sosio-ekonomiese status en die ouers se liefde vir lees* as die belangrikste geïdentifiseer.

(2) *Parsiële korrelasie-ontleding* (vergelyk bylae B)

Op grond van die regressie-ontledings soos in tabel 3.1 weergegee, is sekere verklarende veranderlikes as die belangrikste veranderlikes wat 'n verband met die leerlinge se leerpatrone toon, geïdentifiseer. Sommige van hierdie veranderlikes is kwalitatief van aard (byvoorbeeld *geslag*), terwyl ander kwantitatiewe veranderlikes is (byvoorbeeld *TV-week*). Parsiële korrelasies is ten opsigte van die 1977-gegewens met TV-data ingesluit bereken, ten einde ondersoek in te stel na die mate waarin die belangrikste geïdentifiseerde veranderlikes met die afhanklike veranderlikes verband hou (vergelyk paragraaf 2.2.3(2)(a)).

In bylae B word die statisties betekenisvolle parsiële korrelasiekoëffisiënte (asook die oorskrydingswaarskynlikhede) tussen die kontinue veranderlikes en die response op die betrokke vrae vir elke subpopulasie van verklarende veranderlikes weergegee. As voorbeeld word weer vraag 3 (bylae B.1) wat handel oor die getal ure wat die leerlinge per week lees, geïnterpreteer en bespreek.

Parsiële korrelasies is tussen die getal ure per week gelees as afhanklike veranderlikes en die verklarende veranderlikes *IK*, *sosio-ekonomiese status* en *TV-week*, vir agt subpopulasies bereken. Ten opsigte van die vier subpopulasies in bylae B.1 is die vol-

gende statisties betekenisvolle verbande gevind: Daar is 'n statisties betekenisvolle verband bevind tussen *IK* en die response op die betrokke vraag van die Afrikaanssprekende seuns en die Engelssprekende meisies wie se ouers lief is vir lees ($p < 0,01$), asook in die geval van die Engelssprekende seuns en die Afrikaanssprekende meisies wie se ouers lief is vir lees ($p < 0,05$). Daar is verder ook 'n verband bevind tussen *TV-week* en die hoeveelheid tyd wat aan lees bestee word van die Afrikaanssprekende meisies wie se ouers lief vir lees is ($p < 0,05$). Die res van tabel 3.1 moet op soortgelyke wyse geïnterpreteer word.

(3) *Meervoudige logistiese regressie-ontleding* (vergeelyk tabel 3.2)

Met betrekking tot die meervoudige logistiese regressie-ontledings, word vraag 2 (tabel 3.2) wat oor die biblioteeklidmaatskap van die leerlinge handel, as voorbeeld volledig geïnterpreteer en bespreek. Die ander vrae moet op soortgelyke wyse geïnterpreteer word.

Dit is opvallend dat die veranderlikes *taal*, *geslag*, *IK*, *sosio-ekonomiese status* en die interaksie tussen *geslag* en *IK* by al vier datastelle (1974, 1977 met TV-data uitgesluit, 1977 met TV-week data ingesluit en 1977 met TV-naweek data ingesluit) as belangrike verklarende veranderlikes na vore gekom het. Verder is die veranderlike *vakkeuse op skool* ten opsigte van al die datastelle van die 1977-gegewens as belangrik geïdentifiseer. In die geval van die 1974-gegewens het die interaksies tussen *geslag* en *sosio-ekonomiese status*, asook *taal* en *sosio-ekonomiese status* as belangrik na vore gekom. Ten opsigte van die 1977-gegewens met TV-data uitgesluit, is die veranderlike *ouers se liefde vir lees* ook as belangrik geïdentifiseer.

TABEL 3.2

BELANGRIKSTE VERKLARENDE VERANDERLIKES EN/OF INTERAKSIES TUSSEN DIE VERANDERLIKES WAT VOLGENS MEERVOUDIGE LOGISTIESE REGRESSIE-ONTLEDINGS MET LEESAKTIWITEITE VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 EN 1977 'N VERBAND GETOON HET (VERGELYK BYLAE C)

Leesaktiwiteit	1974-gegewens	1977-gegewens met TV-data uitgesluit	1977-gegewens met TV-week data ingesluit	1977-gegewens met TV-naweek data ingesluit
Biblioteeklidmaatskap (vr. 2)	Geslag Taal IK Geslag * IK Sosio-ekonomiese status Geslag * sosio-ekonomiese status Taal * sosio-ekonomiese status	Geslag Sosio-ekonomiese status IK Vakkeuse op skool Ouers se liefde vir lees Taal Geslag * IK	Geslag Sosio-ekonomiese status IK Vakkeuse op skool Taal Geslag * IK	Geslag Sosio-ekonomiese status IK Vakkeuse op skool Taal Geslag * IK
Mate waarin boeke gelees word (vr. 4(a))	Geslag IK Ouers se liefde vir lees Geslag * IK	Geslag IK Ouers se liefde vir lees Vakkeuse op skool	Geslag IK Ouers se liefde vir lees Vakkeuse op skool	Geslag IK Ouers se liefde vir lees Vakkeuse op skool
Mate waarin tydskrifte gelees word (vr. 4(b))	Taal Geslag IK Ouers se liefde vir lees	Taal Geslag Vakkeuse op skool Ouers se liefde vir lees Geslag * vakkeuse op skool	Taal Geslag Vakkeuse op skool Ouers se liefde vir lees Geslag * vakkeuse op skool	Taal Geslag Vakkeuse op skool Ouers se liefde vir lees Geslag * vakkeuse op skool
Mate waarin strokies- en fotoverhale gelees word (vr. 4(c))	Geslag Vakkeuse op skool Taal	IK Geslag Taal Sosio-ekonomiese status Taal * IK Vakkeuse op skool Taal * vakkeuse op skool	IK Geslag Taal <i>TV-week</i> Sosio-ekonomiese status Sosio-ekonomiese status * <i>TV-week</i> Taal * sosio-ekonomiese status Taal * IK	IK Geslag Taal Sosio-ekonomiese status Taal * sosio-ekonomiese status Taal * IK Vakkeuse op skool Taal * vakkeuse op skool
Mate waarin koerante gelees word (vr. 4(d))	Geslag Sosio-ekonomiese status Geslag * sosio-ekonomiese status IK	Geslag Sosio-ekonomiese status IK	Geslag Sosio-ekonomiese status <i>TV-week</i> IK	Geslag Sosio-ekonomiese status IK <i>TV-naweek</i> IK * <i>TV-naweek</i>
Sondagkoerante (vr. 10)	Geslag	Geslag Vakkeuse op skool	Geslag Vakkeuse op skool <i>TV-week</i>	Geslag Vakkeuse op skool
Grappige verhale (vr. 11 (a))	Taal	Ouers se liefde vir lees Geslag	Ouers se liefde vir lees <i>TV-week</i> Geslag Vakkeuse op skool	Ouers se liefde vir lees Geslag

TABEL 3.2 (Vervolg)

Leesaktiwiteit	1974-gegevens	1977-gegevens met TV-data uitgesluit	1977-gegevens met TV-week data uitgesluit	1977-gegevens met TV-naweek data ingesluit
Oorlogs- en avontuurverhale (vr. 11(b))	Geslag Taal Ouers se liefde vir lees Taal * geslag Taal * ouers se liefde vir lees	Geslag Taal Ouers se liefde vir lees	Geslag Taal Ouers se liefde vir lees <i>TV-week</i>	Geslag Taal Ouers se liefde vir lees
Liefdesverhale (vr. 11(c))	Geslag Taal	Geslag Taal IK Vakkeuse op skool Geslag * vakkeuse op skool Huistaal * vakkeuse op skool	Geslag Taal <i>TV-week</i> IK Taal * IK	Geslag Taal IK Vakkeuse op skool Geslag * vakkeuse op skool Huistaal * vakkeuse op skool
Verhale oor kinders (vr. 11(d))	Geslag Taal	Geslag Sosio-ekonomiese status	Geslag Sosio-ekonomiese status	Geslag Sosio-ekonomiese status
Diereverhale (vr. 11(e))	Taal Geslag Taal * Geslag Ouers se liefde vir lees	Taal Geslag	Taal Geslag	Taal <i>TV-naweek</i> Geslag
Speur- en moordverhale en "Westerns" (vr. 11(f))	Geslag Taal Ouers se liefde vir lees	Geslag Taal Taal * geslag Ouers se liefde vir lees	Geslag Taal <i>TV-week</i> Taal * <i>TV-week</i> Ouers se liefde vir lees Taal * geslag	Geslag Taal <i>TV-naweek</i> Ouers se liefde vir lees Taal * geslag
Gedigte (vr. 11(g))	Geslag	Geslag Vakkeuse op skool	Geslag Vakkeuse op skool	Geslag Vakkeuse op skool
Bybelverhale (vr. 11(h))	Geslag Taal IK	Geslag IK Taal Taal * IK	Geslag IK Taal Taal * IK	Geslag IK Taal <i>TV-naweek</i> Taal * <i>TV-naweek</i>
Oor stokperdjies (vr. 11(i))	Geslag	Geslag	Geslag	Geslag
Oor sport (vr. 11(j))	Geslag Ouers se liefde vir lees Taal	Geslag	Geslag <i>TV-week</i>	Geslag <i>TV-naweek</i>
Oor skoolvakke (vr. 11(k))	Geen	Sosio-ekonomiese status	Sosio-ekonomiese status	Sosio-ekonomiese status
Die Bybel (vr. 11(l))	Taal Geslag	Taal Geslag	Taal Geslag	Taal Geslag

TABEL 3.2 (Vervolg)

Leesaktiwiteit	1974-gegevens	1977-gegevens met TV-data uitgesluit	1977-gegevens met TV-week data uitgesluit	1977-gegevens met TV-naweek data ingesluit
Lewensbeskrywings (vr. 11(m))	Geslag Taal	Geslag Taal Vakkeuse op skool	Geslag Taal Vakkeuse op skool	Geslag Taal Vakkeuse op skool
Skool- en kos-huisverhale (vr. 11 (n))	Geslag Taal	Taal Geslag IK Vakkeuse op skool Taal * vakkeuse	Taal Geslag	Taal Geslag
Geskiedkundige verhale (vr. 11(o))	Geslag	Geen	Geen	Geen
Wetenskapsfiksie (vr. 11(p))	Geslag IK Taal	Geslag Vakkeuse op skool	Vakkeuse op skool Geslag	Vakkeuse op skool Geslag
Reisverhale (vr. 11(q))	Geslag Ouers se liefde vir lees IK Taal Taal * ouers se liefde vir lees	Geslag Ouers se liefde vir lees Vakkeuse op skool Geslag en vakkeuse op skool	Geslag Ouers se liefde vir lees	Geslag Ouers se liefde vir lees
Toneelstukke (vr. 11(r))	Geslag Vakkeuse op skool	Geslag Vakkeuse op skool Geslag * vakkeuse op skool	Geslag Vakkeuse op skool Geslag * vakkeuse op skool	Geslag Vakkeuse op skool Geslag * vakkeuse op skool

3.2.2 Samevattende ontleding van resultate

Ten einde n beter insig in die resultate te verkry, word die rol wat die onderskeie verklarende veranderlikes in die leesaktiwiteite van die ondersoekgroepe speel, vervolgens afsonderlik bespreek. Daar sal vanweë die omvangrykheid van die data, slegs op die hoofeffekte gekonsentreer word. In die tabelle wat volg is slegs dié hoofeffekte ingesluit wat nie terselfdertyd in interaksie met ander verklarende veranderlikes n verband met die leesaktiwiteite getoon het nie. Streng genome is nie vir die rigting van die verband statisties getoets nie, maar in die lig daarvan dat die huidige ondersoek verkennend van aard is, word hierdie rigtings in daardie lig aangebied.

(1) Televisiekyk (tabel 3.3)

Dit is uit die resultate van die stapsgewyse regressie-ontleding (tabel 3.1) en die meervoudige logistiese regressie-ontleding (tabel 3.2) duidelik dat die verklarende veranderlikes wat met die leesaktiwiteite van die leerlinge verband hou, vir die jare 1974 en 1977 heelwat verskil. Dit bemoeilik die taak om afleidings oor die rol van televisie te maak.

Dit is opvallend dat *televisiekyk* n positiewe verband met n hele aantal leesaktiwiteite toon. Hoe meer die leerlinge televisie gekyk het, hoe meer het hulle waarskynlik belang gestel in byvoorbeeld die lees van boeke, koerante, diereverhale, speuren en moordverhale, "Westerns" asook om oor sport te lees (vir meer besonderhede vergelyk tabel 3.3). Hierdie bevinding steun die standpunt van verskeie navorsers soos Himmelweit, Oppenheim en Vince (1958), Montgomery (1960), Wagner (1961), Hamilton (1973) en Busch (1978) dat televisiekyk belangstellings stimuleer en tot groter leesbelangstelling lei. Hoewel televisiekyk die leerlinge in die onderhawige studie se belangstelling in grappige verhale en oorlogs- en avontuurverhale moontlik negatief kon geraak het (tabel 3.3), kan uit die resultate van die ondersoek gespekuleer word dat die rol van televisiekyk ten opsigte

TABEL 3.3

SAMEVATTING VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE SE LEESAKTIWITEITE WAT 'N VERBAND MET TELEVISIE TOON

Leesaktiwiteit	Statistiese ontledingstegniek	Bylae	Totale groep/subgroep	TV-week/TV-naweek	Aard van verband
Getal ure aan lees bestee (vr. 3)	Parsiële korrelasieontleding	B.1	Afrikaanse meisies wie se ouers lief is vir lees	TV-week	+
<i>Tipe leesstof</i>					
Getal boeke geles (vr. 5)	Stapsgewyse regressie-ontleding	A.3	Totale groep	TV-week* TV-naweek	+
	Parsiële korrelasie-ontleding	B.2	Meisies	TV-week TV-naweek	+
Getal strokiesverhaalboekies geles (vr. 7)	Parsiële korrelasie-ontleding	B.4	Afrikaanse seuns sonder derde taal of wiskunde	TV-week	+
Mate waarin koerante geles word (vr. 4(d))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.3	Totale groep	TV-week	+
Getal dae koerant geles (vr. 9)	Parsiële korrelasie-ontleding	B.6	Afrikaanse leerlinge sonder derde taal of wiskunde	TV-week	+
<i>Soorte onderwerpe</i>					
Grappige verhale (vr. 11(a))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.3	Totale groep	TV-week	-
Oorlogs- en avontuurverhale (vr. 11(b))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.3	Totale groep	TV-week	-
Diereverhale (vr. 11(e))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.4	Totale groep	TV-naweek	+
Speurverhale, moordverhale en "Westerns" (vr. 11(f))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.4	Totale groep	TV-naweek	+
Oor sport (vr. 11(j))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.4	Totale groep	TV-naweek	+

van standerd tien-leerlinge in die RSA, wat die meerderheid van leesaktiwiteite betref, waarskynlik positief van aard is.

(2) Geslag (tabel 3.4)

Uit die ondersoek blyk dat *geslag* dié veranderlike is wat met die grootste verskeidenheid leesaktiwiteite van Blanke standerd tien-leerlinge 'n verband toon. In tabel 3.4 word 'n samevatting gegee van leesaktiwiteite waarmee geslag 'n verband toon.

Uit die resultate in tabel 3.4 kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- (a) Meisies bestee meer tyd aan lees as wat seuns bestee (vraag 3).
- (b) Meisies lees meer boeke en tydskrifte as seuns (vergelyk vrae 5 en 4(b)).
- (c) Seuns stel meer as meisies in die lees van strokiesverhale en koerante belang (vergelyk vrae 4(c), 8, 4(d), 9 en 10).
- (d) Wat soorte onderwerpe betref, is die volgende bevind:
 - (1) *Meisies* stel meer as seuns in die volgende belang:
 - (a) *onderwerpe wat om mense sentreer*, soos liefdesverhale (vraag 11(c)); verhale oor kinders (vraag 11(d)); lewensbeskrywings (vraag 11(m)); skool- en koshuisverhale (vraag 11(n)); toneelstukke (vraag 11(r)); gedigte (vraag 11(g));

TABEL 3.4

SAMEVATTING VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE SE LEESAKTIWITEITE WAT 'N VERBAND MET GESLAG TOON

Leesaktiwiteit	Statistiese ontledingstegniek	Bylae	Aard van verband	
			Seuns	Meisies
Getal ure aan lees bestee (vr. 3)	Stapsgewyse regressie-ontleding	A.1	-	+
<i>Tipe leesstof</i>				
Getal boeke gelees (vr.5)	Stapsgewyse regressie-ontleding	A.2	-	+
Mate waarin tydskrifte gelees word (vr. 4(b))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.1	-	+
Mate waarin strokiesverhale gelees word (vr. 4(a))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.2	+	-
Getal kere strokiesverhale in koerante gelees (vr. 8)	Stapsgewyse regressie-ontleding	A.1	+	-
Mate waarin koerante gelees word (vr. 4(d))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.2	+	-
Getal dae koerant gelees (vr. 9)	Stapsgewyse regressie-ontleding	A.1	+	-
Sondagkoerante gelees (vr. 10)	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.2	+	-
<i>Soorte onderwerpe</i>				
Oorlogs- en avontuurverhale (vr. 11(b))		C.2	+	-
Liefdesverhale (vr. 11(c))		C.1	-	+
Verhale oor kinders (vr. 11(d))		C.4	-	+
Diereverhale (vr. 11(e))		C.2	+	-
Speur- en moordverhale en "Westerns" (vr. 11(f))		C.1	+	-
Gedigte (vr. 11(g))		C.4	-	+
Bybelverhale (vr. 11(h))		C.4	-	+
Oor stokperdjies (vr. 11(i))		C.3	+	-
Oor sport (vr. 11(j))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.4	+	-
Die Bybel (vr. 11(l))		C.3	-	+
Lewensbeskrywings (vr. 11(m))		C.3	-	+
Skool- en koshuisverhale (vr. 11(n))		C.3	-	+
Wetenskapsfiksie (vr. 11(p))		C.4	+	-
Reisverhale (vr. 11(q))		C.3	-	+
Toneelstukke (vr. 11(r))		C.1	-	+

(b) *godsdienslike leesstof*, soos Bybelverhale (vraag 11(h)); die Bybel (vraag 11(i));

(c) reisverhale (vraag 11(q)).

(2) *Seuns* stel meer as meisies in nie-persoonlike, saaklike onderwerpe belang:

(a) *onderwerpe wat aksie behels*, soos oorlogs- en avontuurverhale (vraag 11(b)); speur- en moordverhale en "Westerns" (vraag 11(f)); sport (vraag 11(j)); wetenskapsfiksie (vraag 11(p));

(b) stokperdjies (vraag 11(i));

(c) diereverhale (vraag 11(e)).

(3) Taal (tabel 3.5)

Uit die resultate van die ontledings, soos in tabel 3.5 saamgevat, kan die volgende afgelei word:

(a) dat *Engelssprekende* leerlinge in vergelyking met Afrikaanssprekendes:

(1) meer tyd aan lees bestee (vraag 3),

(2) meer lewensbeskrywings lees (vraag 11(m)).

(b) dat *Afrikaanssprekende* leerlinge in vergelyking met Engelsprekendes:

(1) meer tydskrifte lees (vraag 11(b)),

(2) meer oor sekere onderwerpe soos liefdesverhale, diereverhale, ensovoorts, lees (vergelyk tabel 3.5).

TABEL 3.5

SAMEVATTING VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE SE LEESAKTIVITEITE WAT 'N VERBAND MET TAAL TOON*

Leesaktiwiteit	Statistiese ontledingstechnik	Bylae	Aard van verband	
			Afrikaans	Engels
Getal ure aan lees bestee (vr. 3)	Stapsgewyse regressie-ontleding	A.1	-	+
<i>Tipe leesstof</i> Mate waarin tydskrifte gelees word (vr. 4(b))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.4	+	-
<i>Soorte onderwerpe</i> Liefdesverhale (vr. 11(c)) Diereverhale (vr. 11(e)) Speur- en moordverhale en "Westerns" (vr. 11(f)) Bybelverhale (vr. 11(h)) Die Bybel (vr. 11(i)) Lewensbeskrywings (vr. 11(m)) Skool- en koshuisverhale (vr. 11(n))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.1 C.4 C.1 C.2 C.4 C.4 C.3	+ + + + + - +	- - - - - + -

*Taal toon ook 'n verband met die biblioteeklidmaatskap van die leerlinge en hoeveel oorlog- en avontuurverhale hulle lees. Die rigting van die verband vir die twee jare 1974 en 1977 verskil egter (bylae C.1 en C.2)

TABEL 3.6

SAMEVATTING VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE SE LEESAKTIWITEITE WAT 'N VERBAND MET IK TOON*

Leesaktiwiteit	Statistiese ontledingstechnik	Bylae	Totale groep/Subgroep	Aard van verband
Getal ure aan lees bestee (vr. 3)	Stapsgewyse regressie-ontleding Parsiële korrelasie-ontleding	A.3 B	Totale groep Leerlinge wie se ouers lief is vir lees	+ +
<i>Tipe leestof</i>				
Getal tydskrifte gelees (vr. 6)	Stapsgewyse regressie-ontleding	A.2	Totale groep	+
Getal strokiesverhaalboekies gelees (vr. 7)	Stapsgewyse regressie-ontleding Parsiële korrelasie-ontleding	A.2 B	Totale groep Afrikaanssprekende meisies sonder derde taal of wiskunde	- -
Getal kere strokiesverhale in koerante gelees (vr. 8)	Stapsgewyse regressie-ontleding	A.1	Totale groep	+
Getal dae koerant gelees (vr. 9)	Parsiële korrelasie-ontleding	B	Afrikaanssprekende leerlinge sonder derde taal of wiskunde	+
<i>Soorte onderwerpe</i>				
Wetenskapsfiksie (vr. 11(p))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.1	Totale groep	+
Reisverhale (vr. 11(q))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.1	Totale groep	+

*By die volgende leesaktiwiteite is ook korrelasies met IK opgemerk: die mate waarin boeke gelees word (vraag 4 (b)), die mate waarin koerante gelees word (vraag 4(d)), die lees van liefdesverhale (vraag 11(c)) en die lees van Bybelverhale (vraag 11(h)). As gevolg van die variasie in die rigting van die verband by die kategorieë van IK, kan afleidings oor die aard van die verband nie gemaak word nie (vergelyk bylae C).

(4) IK (tabel 3.6)

Uit die samevatting van die resultate van die ontledings, blyk die volgende (vergelyk tabel 3.6):

(a) dat *leerlinge met 'n hoë IK* in vergelyking met leerlinge met 'n lae IK

(1) meer tyd aan lees bestee (vraag 3),

(2) meer tydskrifte (vraag 6) en strokiesverhale in koerante lees (vraag 8),

(3) meer wetenskapsfiksie (vraag 11(p)) en reisverhale (vraag 11(q)) lees.

(b) dat *leerlinge met 'n lae IK* in vergelyking met leerlinge met 'n hoë IK

(1) meer strokiesverhaalboekies lees (vraag 7)

Die resultate van die ondersoek verleen dus wat genoemde lees-aktiwiteite betref, steun aan die standpunt van ondersoekers soos Morgan en Gross (1980), Williams *et al.* (1982) en Roberts *et al.* (1984) dat daar 'n verband tussen IK en leesaktiwiteite bestaan.

(5) Ouers se liefde vir lees (tabel 3.7)

Volgens navorsers soos Mott (1970), Chall (1983) en Roberts *et al.* (1984) speel die beskikbaarheid van leesstof in die huis en die leesbelangstelling van ouers 'n rol in die leesaktiwiteite van kinders. Dit is verrassend dat uit die resultate van die onderhavige ondersoek blyk dat 'n ouers se liefde vir lees slegs 'n verband toon met die mate waarin oor sekere soorte onderwerpe, soos byvoorbeeld grappige verhale en diereverhale gelees word (vergelyk tabel 3.7 vir meer besonderhede).

TABEL 3.7

SAMEVATTING VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE SE LEESAKTIWITEITE WAT 'N VERBAND MET HUL OUERS SE LIEFDE VIR LEES TOON

Leesaktiwiteite	Statistiese ontledingstegniek	Bylae	Aard van verband	
			Ouers wat lief is vir lees	Ouers wat nie lief is vir lees nie
<i>Soorte onderwerpe</i> Grappige verhale (vr. 11(a)) Oorlogs- en avontuurverhale (vr. 11(b)) Jiereverhale (vraag 11(e)) Speur- en moordverhale en "Westerns" (vr. 11(f)) Reisverhale (vr. 11(q)) Oor sport (vr. 11(j))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.4 C.4 C.1 C.4 C.3 C.1	+ + + + + +	- - - - - -

TABEL 3.8

SAMEVATTING VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE SE LEESAKTIWITEITE WAT 'N VERBAND MET SOSIO-EKONOMIESE STATUS TOON

Leesaktiwiteit	Statistiese ontledingstegniek	Bylae	Totale groep/subgroep	Aard van verband	
				Hoë sosio-ekonomiese status	Laë sosio-ekonomiese status
Biblioteeklidmaatskap (vraag 2)	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.4	Totale groep	+	-
<i>Tipe leesstof</i> Mate waarin strokiesverhale gelees word (vr.4(c)) Aantal strokiesverhaalboekies gelees (vr. 7) Strokiesverhale in koerante (vr. 8) Mate waarin koerant gelees word (vr. 4(d)) Aantal dae koerant gelees (vr.9)	Meervoudige logistiese regressie-ontleding Parsiële korrelasie-ontleding Parsiële korrelasie-ontleding Meervoudige logistiese regressie-ontleding Parsiële korrelasie-ontleding	C.2 B.4 B.5 C.3 B.6	Totale groep Afrikaanse leerlinge sonder derde taal of wiskunde Afrikaanse seuns Engelse meisies Totale groep Afrikaanse seuns sonder derde taal of wiskunde Engelse meisies sonder derde taal of wiskunde. Afrikaanse meisies sonder derde taal of wiskunde	- - + + + + + +	+ + - - - - - -
<i>Soorte onderwerpe</i> Verhale oor kinders (vr. 11(d)) Oor skoolvakke (vr. 11(k))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding Meervoudige logistiese regressie ontleding	C.4 C.4	Totale groep Totale groep	- +	+ -

(6) Sosio-ekonomiese status (tabel 3.8)

Die sosio-ekonomiese status van gesinne is volgens Hamilton (1973), Comstock *et al.* (1978) en Roberts *et al.* (1984) 'n belangrike faktor in die leesaktiwiteite van kinders. Die resultate in tabel 3.8 dui ook op sekere verbande tussen sosio-ekonomiese status en bepaalde leesaktiwiteite. Dit blyk dat:

(a) *Leerlinge uit gesinne met 'n hoë sosio-ekonomiese status* in vergelyking met leerlinge in gesinne met 'n lae sosio-ekonomiese status

(1) biblioteke (buite skoolverband) beter ondersteun (vraag 2),

(2) meer koerante (vrae 4(d) en 9) lees,

(3) meer oor skoolvakke lees (vraag 11 (k)).

(b) *Leerlinge uit gesinne met 'n lae sosio-ekonomiese status* in vergelyking met leerlinge in gesinne met 'n hoë sosio-ekonomiese status

(1) meer strokiesverhale lees (vrae 4(c)),

(2) meer verhale oor kinders lees (vraag 11(d)).

(7) Vakkeuse op skool (tabel 3.9)

Uit tabel 3.9 blyk dat die bepaalde skoolvakke wat leerlinge kies, nie 'n groot rol in hul leesbelangstellings speel nie. Dit blyk wel dat:

(a) *Leerlinge met 'n derde taal of wiskunde* in vergelyking met leerlinge sonder 'n derde taal of wiskunde

(1) biblioteke (buite skoolverband) beter ondersteun (vraag 2),

(2) meer in gedigte (vraag 11(g)), wetenskapsfiksie (vraag 11(p)) en toneelstukke (vraag 11(r)) belangstel.

TABEL 3.9
 SAMEVATTING VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE SE LEESAKTIWITEITE WAT 'N VERBAND MET VAKKEUSE
 OP SKOOL TOON

Leesaktiwiteite	Statistiese ontledingstegniek	Bylae	Aard van verband	
			Met derde taal of wiskunde	Sonder derde taal of wiskunde
Biblioteeklidmaatskap (vr.2)	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.4	+	-
<i>Tipe leesstof</i> Die lees van Sondagkoerante (vr. 10)	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.4	-	+
<i>Soorte onderwerpe</i> Gedigte (vr. 11(g)) Wetenskapsfiksie (vr. 11(p)) Toneelstukke (vr. 11(r))	Meervoudige logistiese regressie-ontleding	C.4 C.4 C.1	+ + +	- - -

- (b) *Leerlinge sonder 'n derde taal of wiskunde* in vergelyking met leerlinge met 'n derde taal of wiskunde
(1) meer Sondagkoerante lees (vraag 10)

3.3 GEVOLGTREKKING

1. Op grond van die omvang van en die wyse waarop die steekproewe saamgestel is, kan die resultate van hierdie ondersoek met redelike sekerheid na die Blanke standerd tien-leerlinge in die breë bevolking van die RSA veralgemeen word.
2. Blanke standerd tien-leerlinge se tyd wat aan televisiekyk bestee word, hulle geslag, huistaal, IK, sosio-ekonomiese status, vakkeuse op skool en hul liefde vir lees toon 'n verband met verskeie leesaktiwiteite.
3. Die hipotese wat gestel is, naamlik dat bovermelde faktore 'n verband met die leesaktiwiteite van Blanke standerd tien-leerlinge toon (vergelyk hoofstuk 2.1), kan dus aanvaar word.
4. Uit die resultate van die ondersoek word die vermoede wat in die inleidende hoofstuk uitgespreek is, naamlik dat die leesaktiwiteite van kinders deur verskeie faktore beïnvloed word en dat televisie maar een van hierdie faktore is, bevestig.
5. In die inleidende hoofstuk is verder melding gemaak van besorgdheid wat wêreldwyd bestaan dat die leesaktiwiteite van kinders as gevolg van die gewildheid van televisie skade kan ly. Die resultate van die ondersoek dui egter daarop dat die rol van televisie by leesaktiwiteite eerder positief as negatief van aard wat die standerd tien-leerlinge in die RSA betref, is.

HOOFSTUK 4

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

4.1 DOEL

Die doel met die ondersoek was om die rol van televisiekyk, enkele biografiese gegewens en ander agtergrondsfaktore by die leesaktiwiteite van Blanke standerd tien-leerlinge te bepaal.

4.2 METODE VAN ONDERSOEK

Vraelyste wat deur die RGN opgestel is, is as meetinstrumente in die ondersoek gebruik, te wete die Biografiese, Televisie- en Tyd-benuttingsvraelys en Vorm B (n vraelys waarin die klasonderwyser inligting oor leerlinge verskaf). Daar is gebruik gemaak van gegewens van standerd tien-leerlinge van die jare 1974 (N = 1236) en 1977 (N = 1149). Die belangrikste verklarende veranderlikes wat met die leesaktiwiteite van Blanke standerd tien-leerlinge verband hou, is deur middel van n Chaid-analise geïdentifiseer.

Die kontinue afhanklike veranderlikes is deur middel van stapsgewyse regressie-ontledings geanaliseer. Wat hierdie veranderlikes betref, is n parsieële korrelasie-ontleding op die 1977-gegewens met televisiekyk as bykomende veranderlike gedoen. n Meervoudige logistiese regressie-ontleding is toegepas ten opsigte van die kategorieese afhanklike veranderlikes.

4.3 BEVINDINGE

By die interpretasie van die resultate soos hieronder weergegee moet steeds in ag geneem word dat die ondersoek van verkennende aard is sodat waar die rigting van n verband aangegee is, nie sonder meer

aanvaar kan word dat die rigting van die verband inderdaad statisties bewys is nie.

4.3.1 *Televisiekyk*

Televisiekyk speel dikwels tesame met 'n aantal ander veranderlikes 'n rol by leesaktiwiteite. Daar bestaan 'n positiewe verband by Blanke standerd tien-leerlinge tussen die hoeveelheid tyd wat hulle televisie kyk en hul belangstelling in die lees van boeke, koerante en strokiesverhale, asook in die lees van die volgende: speurverhale, moordverhale en "Westerns", diereverhale en oor sport. 'n Negatiewe verband bestaan egter tussen televisiekyk en belangstelling in die lees van grappige verhale en oorlogs- en avontuurverhale (vergeelyk paragraaf 3.2.2(1)).

4.3.2 *Geslag*

Meisies bestee meer uur per week aan lees en lees meer boeke en tydskrifte as seuns. Hulle stel ook meer as seuns belang in leesstof waarvan die inhoud om mense sentreer (soos liefdesverhale, verhale oor kinders, lewensbeskrywings, ensovoorts) en onderwerpe van godsdienstige aard (soos die Bybel en Bybelverhale).

Seuns daarenteen, lees meer strokiesverhale en koerante as meisies. Na verhouding lees meer seuns as meisies oor onpersoonlike, saaklike onderwerpe. Dit is veral onderwerpe waar aksie ter sprake is (soos oorlogs- en avontuurverhale, sport, wetenskapsfiksie, ensovoorts), diereverhale en leesstof oor stokperdjies wat die seuns se belangstelling wek (vergeelyk paragraaf 3.2.2(2)).

4.3.3 *Taal*

Engelssprekende leerlinge bestee meer tyd per week aan lees as Afrikaanssprekende leerlinge. Hulle lees meer lewensbeskrywings as Afrikaanssprekende leerlinge, terwyl onder andere byvoorbeeld tydskrifte weer meer byval vind by laasgenoemdes (vir meer besonderhede vergelyk paragraaf 3.2.2(3)).

4.3.4 *IK*

IK toon 'n positiewe verband met die tyd wat leerlinge per week aan lees bestee, hul belangstelling in die lees van tydskrifte en strokiesverhale in koerante en hul voorkeure vir die lees van wetenskapsfiksie en reisverhale. IK toon egter 'n negatiewe verband met die lees van strokiesverhaalboekies (vergeelyk paragraaf 3.2.2(4)).

4.3.5 *Ouers se liefde vir lees*

Wanneer ouers lief is vir lees, openbaar hul kinders 'n groter belangstelling in die lees van die volgende tipes leesstof: diere-, reis-, oorlogs- en avontuurverhale, grappige verhale, speurverhale, moordverhale en "Westerns", asook in sportverhale (vergeelyk paragraaf 3.2.2(5)).

4.3.6 *Sosio-ekonomiese status*

Leerlinge uit gesinne met 'n hoë sosio-ekonomiese status ondersteun biblioteke buite skoolverband beter, lees meer koerante en lees ook meer oor skoolvakke as leerlinge uit gesinne met 'n lae sosio-ekonomiese status. Laasgenoemdes lees daarenteen meer strokiesverhale en verhale oor kinders (vergeelyk paragraaf 3.2.2(6)).

4.3.7 Vakkeuse op skool

Leerlinge wat 'n derde taal of wiskunde op skool neem, ondersteun biblioteke (buite skoolverband) beter, lees meer gedigte, wetenskapsfiksie en toneelstukke, maar minder Sondagkoerante as die leerlinge wat nie 'n derde taal of wiskunde neem nie (vergelyk paragraaf 3.2.2(7)).

4.4 AANBEVELINGS

Soos in die inleidende hoofstuk genoem, is hierdie ondersoek slegs verkennend van aard en moet dit as vertrekpunt dien vir verdere ondersoeke. Die volgende ondersoeke word aanbeveel:

1. 'n Langtermynondersoek na die positiewe/negatiewe invloed van televisie op die lees*belangstelling* van leerlinge.
2. 'n Langtermynondersoek na die positiewe/negatiewe invloed van televisie op die lees*vaardigheid* van leerlinge.
3. 'n Onderzoek na die moontlike variasie in die positiewe/negatiewe invloed van televisie op leesaktiwiteite van leerlinge volgens hul ontwikkelingsfase.
4. 'n Onderzoek na die invloed van televisie op voorskoolse kinders ten opsigte van leesgereedheidsfaktore.

BYLAE A.1

BELANGRIKSTE VERKLARENDE VERANDERLIKES EN/OF INTERAKSIES WAT VOLGENS DIE STAPSGEWYSE REGRESSIE-ONTLEDING MET LEESAKTIVITEITE GEDUURD 1974 VERBAND GETOON HET

Leesaktiwiteit	R ²	C(P)	Aantal vryheidsgrade	Veranderlikes	β-koeffisiënt	F-waarde	Oorskrydingswaarskynlikheid
Getal boeke gelees (vr. 5)	0,0533	4,1904	4	Geslag IK Geslag * Ouers se liefde vir lees Taal * IK	0,3978 0,0181 -0,6229 -0,0033	21,34 26,34 9,54 16,33	0,0001 0,0001 0,0021 0,0001
Ø Getal tydskrifte gelees (vr. 6)	0,028	-5,7074	2	Taal Ouers se liefde vir lees	-0,5689 -0,3904	27,50 6,28	0,0001 0,0123
Getal dae koerant gelees (vr. 9)	0,0233	5,3859	4	Geslag IK Taal * vakkeuse op skool IK * sosio-ekonomiese status	-1,1218 0,0173 0,4464 -0,0005	75,85 10,37 9,24 5,25	0,0001 0,0013 0,0024 0,0221
Getal foto- en strokiesverhaalboekies gelees (vr. 7)	0,0963	4,6748	6	Taal Sosio-ekonomiese status Geslag * taal Geslag * IK Taal * sosio-ekonomiese status * Taal * vakkeuse op skool	-1,1075 0,0961 -0,4900 -0,0061 -0,1002 0,5769	8,33 13,36 3,51 22,24 4,48 3,98	0,0040 0,0003 0,0612 0,0001 0,0344 0,0463
Foto- en strokiesverhale in koerante (vr. 8)	0,0264	2,9406	2	Geslag IK	-0,8437 0,0212	81,46 29,59	0,0001 0,0001
Getal ure aan lees bestee (vr. 3)	0,1061	4,0516	4	Geslag Taal IK IK * ouers se liefde vir lees	0,2789 0,2728 0,0430 -0,0033	8,10 6,66 110,24 5,67	0,0045 0,0100 0,0001 0,0174

Ø Verskil tussen C(P) waarde en aantal vryheidsgrade onaanvaarbaar

BYLAE A.2

BELANGRIJKSTE VERKLARENDE VERANDERLIKES EN/OF INTERAKSIES WAT VOLGENS DIE STAPSGEWYSE REGRESSIE-ONTLEDING MET LEESAKTIWITEITE GEDUREND 1977 VERBAND GETOON HET (TV-DATA UITGESLUIT)

Leesaktiwiteit	R ²	C(P)	Aantal vryheidsgrade	Veranderlikes	β-koeffisiënt	F-waarde	Oorskrydingswaarskynlikheid
∅ Getal boeke gelees (vr. 5)	0,0420	-5,2343	2	Geslag IK	0,3441 0,0164	16,85 25,99	0,0001 0,0001
Getal tydskrifte gelees (vr. 6)	0,0357	1,7740	3	IK Taal * sosio-ekonomiese status Sosio-ekonomiese status* ouers se liefde vir lees	-0,0172 -0,0770 -0,0669	17,92 12,02 6,92	0,0001 0,0005 0,0086
Getal dae koerant gelees (vr. 9)	0,0861	5,3131	3	IK Geslag * IK IK * sosio-ekonomiese status	0,0270 -0,0100 -0,0009	26,60 70,39 16,04	0,0001 0,0001 0,0001
Getal foto- en strokiesverhaalboekies gelees (vr. 7)	0,0816	5,3785	4	Taal IK Geslag * vakkeuse op skool Sosio-ekonomiese status* vakkeuse op skool	0,6641 -0,0112 -0,5723 0,1097	33,02 6,86 26,78 34,27	0,0001 0,0090 0,0001 0,0001
Foto- en strokiesverhale in koerante (vr. 8)	0,0993	6,7023	4	IK Geslag * Taal Geslag * IK Taal * sosio-ekonomiese status	0,0241 0,5387 -0,0090 -0,0620	44,61 10,79 89,82 7,05	0,0001 0,0011 0,0001 0,0080
∅ Getal ure aan lees bestee (vr. 3)	0,0803	0,1509	4	IK Geslag * sosio-ekonomiese status Taal * IK Sosio-ekonomiese status* ouers se liefde vir lees	0,0270 0,0787 0,0028 -0,0943	44,91 18,99 8,20 14,18	0,0001 0,0001 0,0043 0,0002

∅ Verskil tussen C(P) waarde en aantal vryheidsgrade onaanvaarbaar

BYLAE A.3

BELANGRIJKSTE VERKLARENDE VERANDERLIKES EN/OF INTERAKSIES WAT VOLGENS DIE STAPSGEWYSE REGRESSIE-ONTLEDING MET LEESAKTIWITEITE GED 1977 VERBAND GETOON HET (TV-DATA INGESLUIT)

Leesaktiwiteit	R ²	C(P)	Aantal vryheidsgrade	Veranderlikes	B-koëffisiënt	F-waarde	Oorskrydingswaarskynlikheid
∅ Getal boeke gelees (vr. 5)	0,0541	1,0416	3	IK Geslag * IK <u>TV-week * TV-naweek</u>	0,0159 0,0032 0,0135	23,10 17,61 13,61	0,0001 0,0001 0,0002
∅ Getal tydskrifte gelees (vr. 6)	0,0407	-2,3182	4	IK Taal * sosio-ekonomiese status Sosio-ekonomiese status * ouers se liefde vir lees Vakkeuse op skool * <u>TV-week</u>	0,0197 -0,0743 -0,0722 0,0645	21,81 10,93 7,88 4,08	0,0001 0,0010 0,0051 0,0438
∅ Getal dae koerant gelees (vr. 9)	0,1148	10,5501	6	Taal IK Vakkeuse op skool sonder Geslag * IK IK * sosio-ekonomiese status Vakkeuse op skool * <u>TV-week</u>	0,3233 0,0239 -1,1459 -0,0097 -0,0009 0,2767	4,97 19,57 23,39 64,44 14,84 29,91	0,0261 0,0001 0,0001 0,0001 0,0001 0,0001
∅ Getal foto- en strokiesverhaalboekies gelees (vr. 7)	0,0877	-0,3659	5	Taal IK Geslag * sosio-ekonomiese status Sosio-ekonomiese status * vakkeuse op skool <u>TV-week * TV-naweek</u>	0,6825 -0,0098 -0,0876 0,1157 0,0153	34,06 5,07 19,43 34,41 10,92	0,0001 0,0245 0,0001 0,0001 0,0010
Foto- en strokiesverhale in koerante (vr. 8)	0,1024	5,4962	4	IK Geslag * IK IK * sosio-ekonomiese status Sosio-ekonomiese status * <u>TV-week</u>	0,0255 -0,0075 -0,0009 0,0182	45,87 79,44 14,18 8,79	0,0001 0,0001 0,0002 0,0031
Getal ure aan lees bestee (vr. 3)	0,0864	-3,0471	4	IK - Sosio-ekonomiese status * ouers se liefde vir lees Geslag * <u>TV-week</u> Taal * <u>TV-week</u>	0,0267 -0,0858 0,1399 0,0987	43,76 11,53 20,50 7,67	0,0001 0,0007 0,0001 0,0057

∅ Verskil tussen C(P) waarde en aantal vryheidsgrade onaanvaarbaar

BYLAE B.1

PARSIËLE KORRELASIES TUSSEN GEIAL URE PER WEEK GELEES EN VERANDERLIKES WAT MET BEHULP VAN REGRESSIE-ONTLEDING GEÏDENTIFISEER IS (Vraag 3)

SUBPOPULASIE	VERANDERLIKE					
	IK		SOSIO-EKONOMIESE STATUS		TV-WEEK	
	Parsiële korrelasie	Waarskynlikheid	Parsiële korrelasie	Waarskynlikheid	Parsiële korrelasie	Waarskynlikheid
